Rietvallei

Kampnuus

Weaver's Roost – Oktober 2026



Dis tyd vir ons Weaver's Roost kamp, die boomryke kamp met Riëtte wat al soos familie voel.

Saterdag 10 Oktober daag Bertus en Dalena reeds daar op en slaan in die middel kamp op – dit word toe sommer die kuierplek vir die hele week.

Sondag volg Sieg en Annatjie asook Tinus en Tersia. Almal braai en kuier saam by Bertus-hulle se kampplek.

Maandag is 'n rustige dag, soos kamp mos moet wees. Die aand word daar weer saam gebraai met 'n heerlike potbrood.

Dinsdag lyk nie veel anders nie, behalwe dat die saambraai by Sieg-hulle gebeur.
Woensdag word daar bietjie rondgeloop en die mooie kamp word verken. Die aand word daar saam potjiekos gemaak.
Donderdag 15 Oktober daag daar nog 'n paar Rietvalleiers op: Frans en Stefanie, Johan en Erna asook Pieter en Elmarie. Die dames hekel en kuier te heerlik saam. Frans behartig die boekevat uit Markus 9: 23,24 – bid en glo. Daarna word daar weer heerlik gebraai en gekuier om 'n vuurtjie.



Vrydag oggend sluit Pieter en Magdaleen by die res aan. Daar word saam laat-ontbyt gemaak:



En bietjie later daag Chris en Nellie ook daar op. Nou is ons voltallig.
Laat middag behartig Pieter die boekevat oor Matt 7:24-27 - sorg dat die fondament van jou lewe reg is.









Toe word daar gesmul aan “wraps” met maalvleis en kaas. Hier is ons sjef in aksie:






Weens ‘n tekort aan karamel, word daar ‘n paar ‘soet’ wraps met stroop en kaas gemaak vir nagereg.

Saterdag oggend vroeg, voor dit te warm raak, gaan ‘n paar van die kampers stap. Die eerste deel van die roete is redelik in die skaduwee. Ons draai by die sinkdam om, maar Bertus en Chris besluit om die berg op te klim.









Laat middag bederf Dalena almal met haar gebruiklike plaatkoekies. Dankie Dalena, dit bly maar ‘n wenner! Dankie Tersia vir jou hulp.









Toe is dit weer tyd vir braai en kuier. Dankie Bertus vir elke aand se kuier-vuur na die braai.






Sondag hou ons ‘kerk’ in ‘n sirkel. Magdaleen praat oor God se genade.




Pieter oorhandig die toekennings, en Dalena die verjaarsdae sjokolade.






Pieter en Elmarie le Roux (links) en Erna en Johan la Grange (regs) ontvang 80 streek aansporings plaatjies.







Frans Scholtz verjaar	Johan la Grange verjaar	Chris Stander verjaar
19 Oktober	24 Oktober	24 Oktober



Advertensie



Daarna word daar gekuier om die tafel met eetgoed. Riëtte bring vir ons elkeen ‘n melktertjie.






Dan word daar klaar opgepak en in die pad geval. Net Johan, Erna, Pieter en Elmarie bly vir nog ‘n nag voor hulle huis toe gaan.

Dankie almal vir ‘n heerlike kamp, kuier, lag en eet!

Magdaleen Viljoen



Volgende saamtrek

- Klein Paradys (Modimolle)
- 20 tot 22 November
- Ekstra nagte en 7-dae aanbiedinge beskikbaar.
- Sluitingsdatum: 8 November
- Afstand (van Vlieënde Piering): 133km (±1:54 @ 70 kmh)
- Kampgelde: Sien e-pos
- Tolgelde:
  - Pumulani: R16-50
  - Carousel: R75-00
  - Kranskop: R61-50